Klaskamer van die wêreld

Wat is dit wat Suid-Afrika het en wat buitelandse studente soek? **AMANDA MATTHEE** vind uit.

Waarom reis studente duisende myle om in 'n land aan die suidpunt van Afrika te studeer? Een buitelandse student het dit só gestel: "Ons sou nooit in die klaskamer kon leer wat ons in een week in Suid-Afrika ervaar het nie."

Suid-Afrika het 'n klaskamer van die wêreld vir toekomstige bestuurders geword as 'n mens na die toenemende aantal oorsese studente kyk wat programme by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) en sy bestuursopleidingsmaatskappy USB Bestuursontwikkeling Bpk (USB-BO) volg.

Dit is hoe MBA-student Chris Kennelly van die Durham Bestuurskool in die noordooste van Brittanje sy studie-ervaring by die USB beskryf ...

Saterdag, 6 Junie

Ons land in Kaapstad! Jako, ons akademiese gasheer, ontmoet ons by die lughawe.

Sondag, 7 Junie

Ons kry tydens ontbyt die nuus dat die see te rof is vir die Robbeneiland-veerboot. Aan die positiewe kant is die kos uitstekend en probeer ek die plaaslike hoenderlewertjies saam met my spek en eiers. Jako noem sommige van die plekke wat ons later sal besoek.

Maandag, 8 Junie

Ons was gister op so 'n fantastiese besigtingsreis dat ek effens teleurgesteld is dat ons vandag akademiese werk moet doen. Dit verdwyn gou toe die eerste dosent, Christo Nel, met ons oor veranderingsbestuur en leierskap praat. Dit is 'n klein groep en daar vorm vinnig 'n sterk band tussen ons soos die klas in 'n groepbespreking verander, en almal gelukkig en vol selfvertroue begin bydra. Die dosente aanvaar (heel korrek) dat ons die akademiese kennis by Durham opgedoen het, wat beteken dat ons meer tyd spandeer om die kennis toe te pas en om 'n beter begrip van die spesifieke uitdagings en kwessies van Suid-Afrika en Afrika te kry. Die verskille en die ooreenkomste met die Weste is ewe ongelooflik.

Ek is verras deur die openlikheid van alle Suid-Afrikaners oor die nalatenskap van apartheid. Ek vind sommige van die kwessies wat ons vandag bespreek het ongemaklik, maar ek dink dit het meer met my Britse sensitiwiteit te doen. Op die ou end lyk dit of die groep baie nader aan mekaar is en geen vrae is taboe nie. Ons voer die debat verder oor aandete met 'n paar biere en ek word 'n bietjie minder Brits.

Chris Kennelly

Dinsdag, 9 Junie

Nóg dosente gee die oggend klas. Hulle vergelyk en kontrasteer handelsmerkvestiging en marksegmentasie in Suid-Afrika en die Weste. Ek begin om die veranderende gesig van SA te verstaan. Ons eerste maatskappybesoek – aan Power Construction – volg die middag. Ons het gister oor Suid-Afrika se vervoer- en infrastruktuur-uitdagings geleer. Vandag sien ons 'n deel van die praktiese oplossing in aksie. Een van die belangrikste uitdagings vir Power Construction, en vir die meeste maatskappye in SA, is 'n geskoolde en opgeleide arbeidsmag. Dit is vir my, wat uit 'n gesondheidsektoromgewing kom, interessant om te hoor van die opleidings- en gesondheidsprogramme wat Power gebruik om vir sy werknemers te sorg.

Woensdag, 10 Junie

Ons begin die dag met die klas waarna ons miskien die meeste uit-

gesien het. Prof Wolfgang Thomas plaas SA se huidige uitdagings en geleenthede in 'n historiese perspektief met aandoenlike persoonlike mededelings oor sy uitsetting uit die land oor sy anti-apartheidsienings en sy latere terugkeer. 'n Besoek aan die Backsberg Wynlandgoed is vir die middag gereël. Ongelooflike ligging, innoverende maatskappy en, net so belangrik, die wynproe. Ook hier is geskoolde arbeid en maatskaplike verantwoordelikheid hoog op die sakelys.

Donderdag, 11 Junie

Die diversiteit van die klasse en maatskappybesoeke gaan voort sonder om enigsins gehalte in te boet. Vandag begin met 'n klas oor multikulturele kwessies in Suid-Afrika. Die uitstappie na die townships die middag was dalk die een waarna ons die meeste uitgesien het. Hoewel ek die townships eerstehands wou sien, het ek met 'n ongemaklike voyeuristiese gevoel gesit. Dit is per slot van rekening waar mense elke dag sukkel om te oorleef. Dit is nie 'n toeristebestemming nie. Dít wat ons gevind het, was uiterste armoede maar saam met 'n groot hoeveelheid entrepreneuriese gees, handel en hoop. Ons het 'n skooltjie besoek wat opleiding en kindersorg aan meer as 70 kinders bied. Die gemeenskap se geesdrif om hierdie en ander projekte met min of geen staatshulp te bedryf, was werklik 'n inspirasie.

Vrydag, 12 Junie

Ons is op pad Robbeneiland toe. Die bootreis soontoe is pragtig en ons toergids vir die tronk is 'n voormalige gevangene. Dit maak die toer pynlik hartroerend. Dit is moeilik om te verstaan dat apartheid maar net in 1994 tot 'n einde gekom het en dalk is dit 'n eerbetoon aan die omvang van die verandering wat in so 'n kort tyd behaal is. Ek sal hierdie week met heimwee onthou.

Ander groepe uitruilstudente uit die buiteland deel hul reaksies.

Satu Willgren, MBA-student by Lancaster University Management School (LUMS) in Lancaster, Brittanje, sê: "Ek besef dat, om Suid-Afrika se situasie te probeer verstaan, ek 'n nuwe manier moet vind om daarna te kyk. Ons 'Westerse' manier van kyk na al die kwessies is eenvoudig nie voldoende nie."

Vir **Jamie Doyle**, nóg 'n MBA-student van LUMS, was die verskille in die Suid-Afrikaanse en Britse benaderings tot korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid opvallend. "Een van die maatskappye wat ons besoek het, Pick n Pay, het vinnig agtergekom dat hul oorlewing van die gemeenskap se oorlewing afhang. Hulle ploeg elke jaar 8% van hul wins in die gemeenskap terug terwyl korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid in Brittanje hoofsaaklik oor reputasie gaan. Die organisasies wat ons besoek het, was baie openlik met ons, en ons >>

USB-BO as 'n globale opleier

USB-BO vorm deel van die World Executive Education Alliance (WEEA) se program wat deur die voorste bestuurskole en universiteite op vyf vastelande aangebied word. Dit stel 'n deelnemer in staat om byvoorbeeld finansies in Rusland, bemarking in die VSA, logistiek in Indië, bestuursinligtingstelsels in Switserland en korporatiewe strategie in Brasilië te studeer.

Altesaam 25 sakelui het in September van Europa gekom om Menslike Hulpbronbestuur, wat 'n ontleding van SEB in Suid-Afrika ingesluit het, by USB-BO as deel van hul program te studeer. Volgens USB-BO se bestuurshoof, Frik Landman, bied die program die ideale forum "waar bestuurders uit ontwikkelende ekonomieë idees met hul ampsgenote in ontwikkelde ekonomieë kan uitruil".

SA KUNDIGHEIDSGEBIEDE

Hennie Oliver, hoof van Internasionale Aangeleenthede by die USB, sê: "Ons bied aan internasionale groepe 'n balans tussen akademiese inhoud en sakepraktyk. Ons put uit Suid-Afrika se kundigheid op die gebied van byvoorbeeld mynbou, wynbou, kleinhandel, motorvoertuie, gesondheidsorg, die media, landbou en finansiële dienste. Buitelandse studente sowel as ons eie studente moet verskillende wêreldbeskouings kan verstaan en ook netwerke oor die hele wêreld kan opbou. Dit is waarom ek so sterk in uitruilstudies in groepsverband glo."

Sy kollega, Johan Burger, wat hierdie programme fasiliteer, sê: "Ons pas ons aanbod doelspesifiek by die behoeftes van die oorsese bestuurskole aan. Ons bied tipies leierskap, waardes en kultuur aan soos dit in Suid-Afrika toegepas word."

As dit by gevallestudieleer kom, geniet die USB en USB-BO die ondersteuning van maatskappye in verskeie bedryfsrigtings. Dít is wat sommige van hierdie maatskappye sê:

- **Kleinhandel:** Fawza Essa van Woolworths sê die wêreld kan leer uit dié kleinhandelaar se etos van gehalte en volhoubaarheid, en sy "diep begrip van kliëntesegmentasie wat uit diversiteit spruit".
- **IT:** Richard Lord van Psitek sê hierdie IT-maatskappy se ervaring van telekommunikasie in ontluikende markte "is iets waaruit mense van ander lande kan leer".
- **Gesondheidsorg:** Tersia Bester van die Medi-Clinic Private Hospitale sê: "Ons het hospitale in Switserland en die Verenigde Arabiese Emirate. Dit stel ons in staat om hospitale in verskillende lande te vergelyk. Ander kundigheidsgebiede sluit ons harteenheid en omgewingstelsel."

het toegang tot mense op baie senior vlak gekry."

MBA-student **Per Blenker** van Aarhus in Denemarke sê: "Aan die een kant werk die USB in 'n konteks wat heelwat van ons s'n verskil. Daarom is dit vir ons 'n analitiese en kulturele uitdaging om in 'n geheel en al ander omgewing te werk. Aan die ander kant is die USB net soos enige ander hoë-gehalte Westerse bestuurskool. In daardie sin is dit moontlik om te kom en in te pas."

Svetlana Serdukov, professor in Strategie op die MBA by die Reims Bestuurskool in Frankryk, sê: "Ons kan baie by die USB leer omdat hulle in 'n ander opset is; hul mark groei vinnig en hulle het nuwe uitdagings wat ons nie het nie. Ons kan dus leer hoe om beter by die veranderende realiteit aan te pas." a

Studies by die USB

Die volgende internasionaal geakkrediteerde programme van die USB – wat almal in Engels aangebied word – is vir buitelandse studente geskik: die voltydse en modulêre MBA, MBA-uitruilstudies, die Meesters in Ontwikkelingsfinansies, MPhil in Bestuursafrigting, MPhil in Toekomsstudie, PhD, korter bestuursontwikkelingsprogramme en doelspesifieke programme. Sien DVD's by www.usb.ac.za/Degrees/MBADegree/Default.aspx.